

## Sondag 10 April

**Skrifgedeelte: Jakobus 5:7-11; HK Sondag 10, Antwoord 28**

**Fokusgedeelte: Jakobus 5:8**

### Om in teëspoed geduldig te wees

Geduld is 'n gesindheid wat 'n mens in staat stel om baie te kan verdra en te vergewe sonder om kwaad of opstandig te word. Dit hang dikwels saam met 'n persoon se karakter en temperament en word kragtens God se algemene genade ook by mense aangetref wat nie uitgesproke en belydende Christene is nie.

Vir die gelowige is dit 'n tipies Christelike deug (1 Kor. 13:4; Jak. 5:8). Trouens, dit is deel van die vrug van die Heilige Gees (Gal. 5:22). Daarom moet dit by die Christen aangetref word ongeag sy of haar karakter of temperament.

Tog moet ons eerlik erken dat vanweë ons sondige aard dit nie vir ons altyd maklik is om geduldig te wees nie. As alles met ons goed gaan, is dit gewoonlik nie so moeilik om geduldig te wees nie. As dinge egter verkeerd loop en ons met skokke, teleurstellings en verliese te doen kry, is ons byna almal maklik geneig om ongeduldig, verbitterd en opstandig te word – selfs in 'n mindere of meerdere mate opstandig teen God (vgl. Job 3:1 -19; Jer. 20:14).

In hierdie verband moet ons onthou dat ons vanweë ons sonde niks anders as God se straf verdien het nie. Ons besittings is net genadegawes. Daarom moet ons nie opstandig word as Hy sy eie gawes weer van ons ontnem nie. Hy Self sal ons egter nooit verlaat en in die steek laat nie (Heb. 13:5). Hy sal ook nie toelaat dat ons bokant ons kragte versoek word nie (1 Kor. 10:13).

Ons kan alleen in teëspoed werklik geduldig wees as ons opreg glo dat God alles, ook rampe en lyding, vir ons ten goede laat meewerk (Rom. 8:28). Verder moet ons glo dat God ons deur beproewings en swaarkry voorberei om by ons dood die ewige heerlikheid in te gaan (1 Pet. 1:3-9). Aan die hoop op die ewige lewe moet ons steeds bly vashou om werklik geduldig te kan wees.

Geduld, wat in die Bybel duidelik 'n aktiewe betekenis het (vgl. Jak. 5:7- 11), moet nie met 'n passiewe berusting verwar word nie. Die woord “berus” wat in die berymde psalms voorkom, kan 'n verkeerde indruk van God skep asof Hy dieselfde is as 'n blinde, onafwendbare noodlot waarteen 'n mens tog niks kan doen nie. In plaas van “berus” moet ons eerder die woord “aanvaar” gebruik.

Dit beteken dat ons onder beproewings sal sê: Die Here het hierdie ramp of lyding oor my gebring en ek moet aanvaar dat Hy wat my om Christus ontwil intens liefhet, ook daarmee 'n goeie doel voor oë het. In Hebreërs 10:34 sê die skrywer aan die lesers: *“Toe op julle besittings beslag gelê is, het julle dit met blymoedigheid aanvaar omdat julle geweet het dat julle 'n besitting het wat beter en blywend is.”*

Dis ware Christelike geduld. Dit is 'n openbaring van die beeld van Christus as die groot Geduldige (1 Pet. 2:21 -24).